
# Kitsfeite oor woordsoorte vir die eksamen

## Voegwoord

Onthou watter leestekens saam met voegwoorde gebruik word. Hier onder word wenke gegee.

- Wanneer die twee sinne (tussen blokhakies) voor en ná neweskikkende voegwoorde (bv. **"en"** en **"of"**) albei op hulle eie kan staan, word 'n komma voor die neweskikkende voegwoord gebruik.
  - **"[Hy leer Afrikaans], en [hy hou daarvan]."**
  - **"[Hulle het oë], maar [hulle sien nie]."**
  - **"[Hy het by die huis gebly],want [hy was siek]."**
  - **"[Sê ja], of [sê nee]."**
  - **"[Ek gaan skottelgoed was], en [daarna gaan ek televisie kyk]."**
- Wanneer **"en"**, **"of"** en **"maar"** tussen sinsdele ('n eenheid bestaande uit een woord / meer as een woord) gebruik word, nie tussen twee sinne nie, word die komma nié gebruik nie.
  - **"Ek moet [aartappelslaai] en [wortelslaai] na die braai neem."** [Hier staan **"en"** tussen twee sinsdele, naamlik **"aartappelslaai"** en **"wortelslaai"**. Daarom word geen komma gebruik nie.]
  - **"Sal ons gaan muurbal [speel] of [fliek]?"** [Hier staan **"of"** tussen twee sinsdele, naamlik **"speel"** en **"fliek"**. Daarom word geen komma gebruik nie.]
  - **"Hy is gereed om [die kortste] maar [gewigtigste reis] aan te pak."** [Hier staan **"maar"** tussen twee sinsdele, naamlik **"die kortste (reis)"** en **"gewigtigste reis"**. Daarom word geen komma gebruik nie.]



- Soms staan **"en"** tussen twee sinsdele (tussen blokhakies) en moet 'n komma daarvoor ingevoeg word om die betekenis van die sin duidelik te maak.
  - **"Hierdie reël geld vir ma's en pa's, oumas en oupas, en [broers en susters], en [seuns en dogters].**
  - "[Al staan **"en"** tussen twee sinsdele, naamlik **"broers en susters"** en **"seuns en dogters"**, waar 'n mens nie 'n komma sou verwag nie, word 'n komma voor **"en"** ingevoeg om die groeperings duidelik te maak.]



VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

- Wanneer **"en"** twee sinne verbind wat nié op hulle eie gebruik kan word nie (d.w.s. bysinne – aangedui tussen blokhakies), word géén komma voor **"en"** gebruik nie.
    - **"Ek hou van gemmer, [omdat dit antioksidante bevat] en [omdat dit help met gewigsverlies]."**
      [Hier verbind **"en"** twee bysinne wat albei met **"omdat"** ingelei word. Daarom word geen komma voor **"en"** gebruik nie.]
- Wanneer een sin wat selfstandig gebruik kan word ('n hoofsin) en een sin wat nie op sy eie kan staan nie (oftewel 'n bysin) met 'n <u>onderskikkende voegwoord</u> (bv. **"omdat"**) verbind word, word 'n <u>komma altyd voor die onderskikkende voegwoord</u> gebruik.
    - **"Hy leer Afrikaans, omdat hy daarvan hou."**
    - **Jy moet jou werk leer, tensy jy nie wil slaag nie.**
- Wanneer die bysin voor die hoofsin sou staan, sou 'n komma ook tussen die werkwoorde wat tot verskillende sinne hoort, gebruik word.
    - **"Omdat hy daarvan hou, leer hy Afrikaans."**
    - Hier staan **"hou"** en **"leer"** langs mekaar. Hulle hoort tot verskillende sinne. Daarom word 'n komma gebruik om die skeiding aan te dui.]
- Wanneer die onderskikkende voegwoord **"dat"** is wat dui op iemand anders se woorde, of **"of"** wat dui op iemand anders se vraag wat gestel word, word geen komma voor **"dat"** of **"of"** gebruik nie.
    - **"Hy sê dat hy honger is."**
    - **"Hy vra of jy honger is."** [Hier word geen vraagteken gebruik nie. Om die vraagteken pleks van die punt te gebruik is 'n fout wat dikwels voorkom.]
- Die woord **"en"** is nie altyd 'n voegwoord nie. Wanneer dit in eiename of telwoorde wat uit meer as een lid bestaan, gebruik word, is dit eerder 'n partikel – 'n woordsoort wat nie op skoolvlak behandel word nie. Sulke woorde, partikels, is woorde wat saam met 'n ander woord of selfs saam met 'n kombinasie van woorde gebruik moet word om 'n bepaalde betekenis oor te dra. Lees die volgende voorbeelde:


- Die woord **"en"** is nie altyd 'n voegwoord nie. Wanneer dit in eiename of telwoorde wat uit meer as een lid bestaan, gebruik word, is dit eerder 'n partikel – 'n woordsoort wat nie op skoolvlak behandel word nie. Sulke woorde, partikels, is woorde wat saam met 'n ander woord of selfs saam met 'n kombinasie van woorde gebruik moet word om 'n bepaalde betekenis oor te dra. Lees die volgende voorbeelde:


    - **"[Kuns en Kultuur] is Stefan se gunstelingvak."** [Hier is **"en"** deel van 'n eienaam wat uit meer as een lid bestaan.]
    - **"Stefan behoort aan [vyf en twintig] WhatsApp-groepies."** [Hier is **"en"** deel van 'n telwoord wat uit meer as een lid bestaan. Onthou, ons kan ook **"vyf-en-twintig"** skryf.]
    - **"Ek kan vir ure [sit en luister] na vertellings."** [Hier is **"en"** 'n skakel tussen 'n ww. wat nie die hoofwerkwoord is nie (**"sit"**), en 'n werkwoord wat die hoofwerkwoord is (**"luister"**).]